Bib.

9/86

421/84
/mb

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen

PATRICK JOSIAS ........................................ APPELLANT

en

DIE STAAT ........................................ RESPONDENT

CORAM: VILJOEN, VAN HEERDEN et JACOBS, ARR

VERHOORDATUM: 21 FEBRUARIE 1986

LEWERINGSDATUM: 4 MAART 1986

---

U I T S P R A A K

---

VILJOEN, AR

Die appellant is deur 'n streeklanddros in Kaapstad skuldig bevind op 'n aanklag van roof

en is/.....

en is 'n vonnis opgelê van vier jaar gevangenisstraf. Sy appèl na die Kaapse Hooggeregshof is van die hand gewys en sy aansoek om verlof om te appelleer is deur daardie Hof geweier. Verlof om teen die skuldigbevinding en vonnis te appelleer is egter deur die Hoofregter aan hom toegestaan.

Daar is in die klagstaat beweer dat die appellant vir kleurlingman Yusuf Abader, 'n huurmotorbestuurder van Kaapstad, en twee Japannese matrose, Tuzzmoto Yokio en Todakuni Shumiza, wie se skip in Kaapstad aangedoen het, gedreig het met 'n vuurwapen dat hulle geweld aangedoen sou word en dat hy van bogenoemde twee R340 kontant geneem het. Daar is

ook beweer dat verswarende omstandighede aanwesig was wat daarin sou bestaan het dat die appellant of sy medepligtige hetsy voor, gedurende of na die pleeg van die misdryf, 'n vuurwapen (rewolwer) gehanteer het en gedreig het om vir Yusaf Abader en/of een of albei die Japanners ernstige liggaamlike besering toe te dien.

Yusaf Abader was die enigste getuie vir die Staat. Die twee Japanners wat na die voorval saam met Abader na die polisie toe is, se skip het vertrek voordat die saak verhoor kon word en hulle was gevolglik nie beskikbaar as getuies nie.

Dit blyk uit Abader se getuienis dat hy gedurende die aand van 8 Junie 1983 die twee

Japannese matrose in sy huurmotor vervoer het vanaf die Kaapstadse dokke om twee meisies vir ontugtige doeleindes vir hulle te vind by 'n sekere huis te Reaganstraat 8 in Woodstock, Kaapstad. Toe hy stilhou, het die appellant en 'n ander persoon wat hy van sien ken maar wie se naam hy nie kon verstrek nie, vanuit 'n gangetjie langs die gemelde huis, na sy voertuig aangekom. Toe die appellant by die voertuig aankom, was Abader in die proses om uit te klim. Die deur van die voertuig was oop en sy voete op die grond. Nadat hy heeltemal uitgeklim het, het daar 'n argument tussen hom en die appellant ontstaan terwyl die appellant se mededader besig was om die een Japanner wat in die

voorste passasiersitplek gesit het, uit die voertuig te pluk en sy sakke te deursoek vir geld terwyl die Japanner met sy arms omhoog gestaan het. Abader het beswaar gemaak teen die voorgenome opset van die appellant en sy maat om die twee Japanners te beroof. Hy het dit onder die appellant se aandag gebring dat hy, Abader, verantwoordelik was vir die Japanners se veiligheid, dat hulle sy passasiers was en dit "sy stukkie brood" was bedoelende daarby, klaarblyklik, dat hy nie alleen vir die vervoer nie, maar ook vir die diens wat hy hulle bewys om vir hulle meisies vir die aand te kry, verwag om deur die Japanners vergoed te word. Hy het ontken dat die argument tussen hom en die appellant gegaan

het om geld wat hy nog vir die appellant se vrou sou geskuld het. Hy het erken dat hy op 'n stadium vir haar geld geskuld het maar het beweer dat hy alles terugbetaal het. 'n Bedrag van R20 het hy nie in kontant terugbetaal nie, maar het hy in natura vergoed deur haar in sy huurmotor te vervoer. Daarna is hy nooit weer om die geld gevra nie, nòg deur die appellant nòg sy vrou vir wie hy dikwels gesien het, het hy getuig. Die appellant se vrou was wel die aand ter sprake, sê hy, maar in 'n ander verband. Die appellant het naamlik vir Abader daarvan beskuldig dat hy onwelvoeglike dade gepleeg het met sy vrou en sy skoonsuster. Volgens Abader was hierdie beskuldiging vals en

slegs/.....

slegs 'n set wat as dekmantel moes dien vir die werklike doel waarvoor die appellant en sy mededader sy voertuig genader het, naamlik om die Japanners te beroof. In die loop van die argument, sê Abader, het die appellant 'n vuurwapen te voorskyn gehaal en hom daarmee in die gesig geslaan. Dit was egter nie 'n harde slag nie. Hy wou op 'n stadium terug agter die stuurwiel kom om weg te ry met sy twee passasiers maar hy is verhinder deurdat die appllant aan die binnekant van die oop deur gestaan het.

Die appellant het, nadat hy hom geslaan het, die vuurwapen terug geplaas in sy broek en hom gewend na die Japanner wat op die agterste

sitplek/.....

sitplek gesit het. Hy het hierdie Japanner uit die voertuig geruk en ook sy sakke deursoek en die geld wat daarin was verwyder. Die appellant en sy maat het toe van die toneel weggery in 'n geel Toyota voertuig.

Die Japanners wat 'n afstand agter die voertuig aangehardloop het, het teruggekeer na sy voertuig en vir hom beskuldig dat hy alles gereël het. Hy het hulle egter gerusgestel dat hy dit nie gedoen het nie en is saam met hulle na die polisie-stasie waar hulle verklarings afgelê het.

Die/.....

Die appellant wat by die aanvang van sy verhoor onskuldig gepleit het, het in die openbaring van sy verdediging, by monde van sy regsverteenwoordiger, erken dat hy op die toneel was en aangevoer dat hy daar met Abader gepraat het en hom gevra het om sy vrou se geld, wat hy van haar geleen het, terug te betaal. Abader se antwoord was , so het hy beweer, dat hy kan wag, hy sal dit terugbetaal wanneer hy wil. Hy het hom toe vererg en vir Abader met die oop hand in die gesig geslaan. Hy het nooit 'n vuurwapen gehad nie.

Op wat daar op die toneel gebeur het, het die appellant in sy getuienis uitgebrei. Hy beweer dat hy en die huisbaas van daardie huis en

'n paar/.....

'n paar huurmotorbestuurders in die betrokke huis gesit het toe hy deur die venster vir Abader met die twee Japanners daar aangery sien kom. Hy merk toe op, "Hier is Happy weer besig met die Jappe". Wat hy bedoel het, sê hy, is dat Abader ("Happy" soos hy bekend staan) weer eens, soos wat hy voorheen gedoen het, Japannese matrose gaan beroof. Dit val hom toe by dat Abader nog vir sy vrou geld skuld en hy is toe daar uit om die geld by Abader te gaan kollekteer. Toe hy by Abader kom vra hy vir hom, "Happy, wanneer gaan jy my vrou betaal?". Abader se antwoord was dat hy al klaar sy vrou vergoed het deur haar met sy huurmotor te vervoer. Appellant het hom vererg en vir Abader 'n

klap gegee. Hy is daarna in die huis in waar hy aangekondig het dat hy gaan ry. Abader het nie die Japanners daar afgelaai nie, maar is met hulle daar weg, sê hy. Hy is ook later daar weg. Van die roof van die twee Japanners weet hy niks.

Onder kruisverhoor kon hy nie die verskil tussen die openbaring van sy verweer waar hy aangevoer het dat Abader gesê het appellant se vrou kan wag vir betaling en sy getuienis dat Abader gesê het hy het die vrou al klaar betaal, bevredigend verduidelik nie. Hy kon ook nie vir die hof sê hoeveel Abader nog sy vrou geskuld het nie. Afgesien van hierdie twee ernstige swakhede in sy getuienis, het hy in die algemeen, so kom dit in skrif voor,

besonder/.....

besonder swak gevaar in sy getuienis.

Die streeklanddros was terdeë bewus daarvan dat hy te doen gehad het met 'n enkelgetuie vir die Staat. Hy meld hierdie oorweging in sy uitspraak. Desnieteenstaande, so meen die landdros, was daar omstandighede wat kleur en waarheid aan Abader se getuienis verleen. Hy wys daarop dat Abader vir die Japanners daarheen geneem het vir 'n sekere doel en as daar slegs 'n argument was tussen Abader en die appellant het dit niks met die Japanners te doen gehad nie en was daar geen rede waarom hulle die plek sou verlaat nie. Daarenteen, as die Japanners wel beroof was, soos Abader beweer, sou dit bestaanbaar wees

met hulle vertrek van die plek, 'n feit wat die appellant erken het. Dit is ook nie betwis nie, sê die landdros, dat Abader en die Japanners na die polisie is waar al drie verklarings afgelê het. Dit maak nie saak wat die inhoud van die verklarings was nie, so redeneer die streeklanddros, die feit dat hulle wel verklarings gemaak het is belangrik. Abader sou nie vanweë 'n geskil tussen hom en die appellant en 'n klap wat die appellant hom gegee het, met die Japanners na die polisie-stasie gaan om daar verklarings af te lê nie. Abader se getuienis dat die Japanners vir hom beskuldig het dat hy aandadig was aan die reëling om hulle te beroof, bevat ook die klank en strekking van geloof-

waardigheid, meen die landdros. Voorts meld die landdros dat Abader op die oog af as 'n veel sterker persoon voorkom as die appellant en dat dit onwaarskynlik is dat, aangesien Abader twee Japanners het wat hom kon help, hy en die twee Japanners sou toelaat dat laasgenoemde beroof word as hy nie 'n vuurwapen by die appellant gesien het nie. Abader sou in elk geval mans genoeg gewees het om hom teen die appellant, as hy alleen was sonder 'n vuurwapen, te verweer, sê die landdros. Die landdros het bevind dat Abader 'n goeie en die appellant 'n swak getuie was. Omdat hy nie seker was op die getuienis dat enigeen van die twee Japanners die vuurwapen gesien het nie, het hy die regsverteenwoordiger van

die appellant gelyk gegee dat daar nie bevind kon word dat daar verswarende omstandighede aanwesig was nie. Hy het die appellant skuldig bevind aan roof <u>simpliciter</u> en ook net ten aansien van die Japanner wie se geld hy self geneem het. Die landdros sê:

> ".....onder die omstandighede bevind die hof dan dat beskuldigde wel een van die Japannese beroof het. Die Hof weet nie watter een nie, wat sy naam is nie. Dit is 'n bedrag wat die Hof ook nie kan bepaal nie, maar die Hof vind dat hy wel een van die Japannese beroof het van geld en hy word so <u>SKULDIG</u> bevind."

Die Hof van appèl van die Kaapse Provinsiale Afdeling het gemeen dat die rewolwer wel 'n rol gespeel het en dat die appellant bedoel het

dat dit 'n rol moes speel. Daar is geredeneer dat, ofskoon die Japanner wat eerste beroof is, miskien nie die rewolwer gesien het voordat hy deur die appellant se mededader beroof is nie, die slagoffer van die appellant nie alleen die rewolwer moes gesien het nie, maar dat hy ook gesien het hoe sy mede-matroos beroof word. Van die kant van die appellant gesien het die Hof ook min twyfel gehad dat hy bewus was van die uitwerking wat sy hantering van die rewolwer op die gemoed van sy eie slagoffer gehad het en dat dit ook sy bedoeling was dat dit by die Japanner vrees moes inboesem.

In hierdie Hof is betoog dat die landdros

'n fout gemaak het toe hy gesê het, verwysende na die slagoffer van die appellant, dat die Japanner met sy hande omhoog gestaan het. Die landdros, so is betoog, was egter korrek in sy bevinding dat daar twyfel bestaan of die rewolwer wel 'n rol gespeel het by die roof van die appellant se slagoffer.

As die landdros, soos hy skynbaar wel gedoen het, verwys het na die slagoffer van die appellant, dan het hy wel, wat die bevinding dat hy met sy hande omhoog gestaan het betref, gefouteer. Dit blyk uit die getuienis dat die appellant die agterdeur oopgemaak het en vir die Japanner beveel het om uit te klim, of uitgeruk het uit die

voertuig/.....

voertuig. Hy het toe, oënskynlik sonder enige teenstand van die Japanner, sy geld uit sy broeksak verwyder en geloop. Trouens, uit een passasie in Abader se getuienis blyk dit dat hy die sak waarin die geld was, afgeruk het. Dit is egter 'n onvermybare afleiding dat die Japanner alleen sou toelaat dat sy geld geneem word as hy bevrees was en nie die risiko van enige leed wou loop nie. Hierdie Japanner het gesien wat met sy mede-matroos gebeur. Dit is moontlik dat hy gesien het dat die appellant 'n vuurwapen het, maar na my mening maak dit nie saak of hy dit wel gesien het nie. Hy het op daardie stadium reeds vermoed, so kan afgelei word, dat hy geen hulp van Abader kon verwag nie want

laasgenoemde, so het hy gemeen, was kop in een mus met die twee rowers. Die appellant maak die deur oop en beveel die Japanner om uit die voertuig te klim of hy word uitgepluk en sy sakke word dadelik deursoek en sy geld geneem. Onder daardie omstandighede, selfs afgesien daarvan of hy die rewolwer gesien het, sou enigeen in sy posisie gevrees het dat hy leed aangedoen sou word as hy weerstand sou bied. Of hy sy hande in die lug gehou het, is van geen belang nie. Die appellant het die opset gehad om vrees by sy slagoffer in te boesem en het met geweld sy geld van hom afgeneem. Dit is roof. Kyk Ex parte Minister of Justice in re R v Gesa and R v de Jongh 1959(1) SA 234(A).

Daar is egter verder betoog dat, al sou

hierdie Hof bevind dat, op die feite soos deur Abader getuig, die oortreding wel roof was, Abader se getuienis nie aanvaar moes gewees het nie, en dat die appellant onskuldig bevind moes word. Daar is aangevoer dat Abader 'n ongevoelige houding (callous attitude) geopenbaar het en sy getuienis dat as die Japanners hom slegs versoek het om hulle na 'n adres te neem wat hulle self verstrek het dit dan hulle eie saak sou wees as hulle daar beroof word. Dit, so is aangevoer, is nie bestaanbaar met die gunstige indruk wat die landdros van Abader as 'n getuie gevorm het nie. Dit is 'n vergesogte argument. Selfs al sou hy in die verband 'n gevoelloosheid

(callousness) geopenbaar het, wat myns insiens vanself ŉ drogbetoog is, kan ek nie insien wat dit met die meriete van hom as getuie te doen het nie. ŉ Ander betoog was dat hy nie ŉ geloofwaardige getuie was nie omdat hy kamma te beskroomd was om die woord "hoer" in die Hof te gebruik toe hy dit klaarblyklik bedoel het. Ook hierdie betoog is ŉ powere poging om die meriete van appellant as getuie aan te tas. Daar is ook aangevoer dat sy getuienis dat al die geld wat van die eerste Japanner geroof is, uit R10 note bestaan, nie geglo kon word nie, omdat hy besig was met die appellant en nie gesien het wat daar tussen die eerste Japanner en die appellant se mededader aangaan nie.

Dit mag wees dat sy oortuiging dat dit almal R10 note was gespruit het uit wat hy gesien het sowel as wat die Japanner of vir hom of vir die polisie meegedeel het. Dit doen na my oordeel nie veel afbreuk aan sy verdienste as getuie nie. Dit is voorts betoog dat die Staat die polisie moes geroep het om Abader se relaas van die klaglegging te bekragtig. Dit sou 'n andersins sterk saak van die Staat verder versterk het, maar dit was nie nodig om die polisie te roep nie aangesien die bewering dat die drie na die polisie was nooit aangeval is nie.

Die landdros is ook kwalik geneem deur die appellant se advokaat omdat hy bespiegel het oor die krag van Abader en die appellant. Dit was nie bloot bespiegeling nie want Abader het self soos

volg getuig:

> "Was dit 'n regte rewolwer of 'n speelgoed...?
> --- Dit was 'n regte ding, hoekom as dit nie
> 'n regte ding gewees het nie dan het ek nie
> die beskuldigde en die ander man dit laat
> toelaat nie my Agbare.
> <u>AANKLAER</u>: Dan sê jy jy het dit toegelaat
> omdat hulle die vuurwapen gehad het? ---
> Net deur die vuurwapen van bangheid, toe
> dink ek maar 'okay'."

Daar is ander punte van kritiek uitgespreek teenoor die landdros maar ek het al die punte goed oorweeg en is nie oortuig dat die landdros se benadering enigsins gekritiseer kan word of dat hy gedwaal het in sy oorweging van die saak nie. Die landdros het die houding van Abader en die appellant in die getuiebank waargeneem en beoordeel sowel as die waarskynlikhede behoorlik in ag geneem. Die

appèl teen die skuldigbevinding kan nie slaag nie.

Daar is ook geappelleer teen die vonnis. In sy uitspraak het die landdros daarop gewys dat matrose van vreemde skepe 'n maklike prooi is vir rowers en dat dit moeilik is om die oortredings teen hulle wat dikwels voorkom, te bewys omdat hulle kom en gaan. Hy het verwys na die appellant se vorige veroordelings wat verskeie skuldigbevindings aan oortredings van geweld ingeluit het. Hy het ook na die persoonlike omstandighede van die appellant verwys. Hy is 'n man wat 'n vrou en kinders het, sê die landdros, en hy verdien R80 (per week? of maand?). Die hof het, soos blyk uit die landdros se uitspraak, dit in ag geneem.

Namens die appellant is daar betoog dat die landdros die vergeldingsaspek alleen beklemtoon het en nie die afskrikkende, voorkomende en hervormingsaspekte van vonnis oorweeg het nie. Daar is klem gelê op die feit dat die laaste skuldigbevinding aan 'n oortreding van geweld op 1 Mei 1978 was en dat die landdros dit in ag moes geneem het. Die landdros meld nie spesifiek dat hy laasgenoemde feit in ag geneem het nie, maar hy het die lys van vorige veroordelings as 'n geheel oorweeg en dit kan nie gesê word dat hy enige aspek wat hy moes oorweeg het, oor die hoof gesien het nie. Daar is, na my oordeel, ook nie te veel klem gelê op die vergeldingsaspek nie. Die vonnis van vier jaar is deur die Hof <u>a quo</u> as 'n swaar vonnis beskryf wat die Hof self miskien nie sou

opgelê het nie maar die Hof het nie ingegryp nie omdat die Hof nie oortuig was dat dit buitensporig swaar was nie. Ek stem nie saam dat dit 'n swaar vonnis onder die omstandighede was nie. Alles in ag genome is ek van oordeel dat die vonnis 'n gepaste een was.

Die appèl teen die skuldigbevinding sowel as teen die vonnis word afgewys.

APPèLREGTER

VAN HEERDEN, AR)
) - Stem saam
JACOBS AR)